- (c) Any other cost which may be incurred before, during or after the consultation/visit and/or the therapy/*Enige ander koste wat ontstaan voor, tydens of na die konsultasie/besoek en/of terapie.*
- (d) Blood gases and chemistry tests, including the arterial puncture to obtain the specimen/*Bloedgasondersoeke of chemiese bloedoetse, arteriële punksie om bloedmonster te verkry, ingeslote.*
- (e) Procedural items 1202 and 1212 to 1221/*Prosedure items 1202 en 1212 tot 1221.*

but INCLUDE the following/*maar SLUIT die volgende IN:*

- (f) Performing and interpretation of a resting ECG/*Uitvoering en vertolking van 'n rustende EKG.*
- (g) Interpretation of chemistry tests and x-rays/*Vertolking van biochemie toetse en x-strale.*
- (h) Intravenous treatment (items 0206 and 0207) /*Intraveneuse behandeling (items 0206 en 0207)*

- R. Multiple organ failure:** Units for items 1208, 1209 and 1210 (Category 3: Cases with multiple organ failure) include resuscitation (i.e. item 1211: Cardio-respiratory resuscitation)/*Veelvuldige orgaan ineenstorting: Eenhede vir items 1208, 1209 en 1210 (Kategorie 3: Gevalle met veelvuldige orgaan ineenstorting) sluit resussitasie in (i.e. item 1211: Kardio-respiratoriese resussitasie).*

- S. Ventilation:** Units for items 1212, 1213 and 1214 (ventilation) include the following/*Ventilasie: Eenhede vir items 1212, 1213 en 1214 (ventilasie) sluit die volgende in:*

- (a) Measurement of minute volume, vital capacity, time- and vital capacity studies/*Bepaling van minuutvolume, vitale kapasiteit, tyd- en vitale kapasiteitsondersoeke.*
- (b) Testing and connecting the machine/*Toets en verbinding van masjien.*
- (c) Putting patient on machine: setting machine, synchronising patient with machine/*Pasiënt met die masjien verbind: stel van masjien en synchronisering van pasiënt met masjien.*
- (d) Instruction to nursing staff/*Opdragte aan verplegingspersoneel.*

(e) All subsequent visits for 24 hours/*Alle daaropvolgende besoeke gedurende die eerste 24 uur.*

T. Ventilation (items 1212 to 1214) does not form a part of normal post-operative care, but may not be added to item 1204: Category 1: Cases requiring intensive monitoring/*Ventilasie (items 1212 tot 1214) maak nie deel uit van normale na-operatiewe sorg nie, maar mag nie by item 1204: Kategorie 1: Gevalle wat intensiewe monitoring vereis gevoeg word nie.*

**RULES GOVERNING THE SECTION RADIOLOGY : MAGNETIC RESONANCE IMAGING/REËLS VAN TOEPASSING OP DIE AFDELING RADIOLOGIE : MAGNETIESE RESONANSIE BEELDING**

**W. Magnetic Resonance Imaging • Magnetiese Resonansie Beelding**

- a. In cases where a second Magnetic Resonance Imaging of the spine (items 6210, 6211, 6212 and 6213 refers) is deemed necessary, or a Magnetic Resonance Imaging of another anatomical region is requested, proper motivation must be submitted upon which the Commissioner will consider approval./ *Indien 'n tweede Magnetiese Resonansie Beelding van die rug (items 6210, 6211, 6212 en 6213 verwys) benodig word of 'n eerste Magnetiese Resonansie Beelding van 'n ander liggaamsdeel aangevra word, moet motivering voorgelê word, waarna goedkeuring deur die Kommissaris oorweeg word.*
- b. Item 6270 - Proper motivation must be submitted upon which the Commissioner will consider approval./ *Item 6270 - Mediese motivering moet voorgelê word waarna goedkeuring deur die Kommissaris oorweeg sal word.*

**RULES GOVERNING THE SECTION MEDICAL PSYCHOTHERAPY/REËLS VAN TOEPASSING OP DIE AFDELING MEDISE PSIGOTERAPIE**

**Note • Opmerking :**

- (a) Prior approval must be obtained from the Commissioner before any treatment under this section is carried out./ *Enige behandeling ingevolge hierdie afdeling moet vooraf goedkeuring van die Kommissaris verkry word*
  - (b) Where approval has been obtained, treatments must be limited to 12 sessions only, after which the patient must be referred back to the referring doctor for an evaluation and report to the Commissioner./ *Waar goedkeuring verleen word moet die sessies beperk word tot 12 sessies waarna die pasiënt na die verwysende geneesheer terugverwys moet word vir evaluering en verslag aan die Kommissaris.*
- Va. **Electro-convulsive treatment:** Visits at hospital or nursing home during a course of electro-convulsive treatment are justified and may be charged for in addition to the fees for the procedure./ **Elektro-konvulsiewe behandeling:** *Besoeke by 'n hospitaal of verpleeginrigting tydens 'n kursus van elektro-konvulsiewe behandeling is geregtig en gelde kan daarvoor gehef word, bo en behalwe die gelde vir die prosedure.*
- Vb. Except where otherwise indicated, the duration of a medical psychotherapeutic session is set at 20 minutes or part thereof provided that such a part comprises 50% or more of the time of a session. This set duration is also applicable for psychiatric examination methods./ *Behalwe waar anders aangedui, is die duur van 'n mediese psigoterapeutiese sessie 20 minute of gedeelte daarvan op voorwaarde dat sodanige gedeelte 50% of meer van die tyd van 'n sessie uitmaak. Hierdie aftakening geld ook vir psigiatrisse ondersoekmetodes.*

**RULES GOVERNING THE SECTION RADIOLOGY/REËLS VAN TOEPASSING OP DIE AFDELING RADIOLOGIE**

- Y. Except where otherwise indicated, radiologists are entitled to charge for contrast material used./ *Behalwe waar anders aangedui, mag radioloë eis vir die koste van kontras materiaal wat gebruik is.*
- Z. No fee to is subject to more than one reduction./ *Geen gelde is onderworpe aan meer as een vermindering nie.*

**RULE GOVERNING THE SUBSECTION ON DIAGNOSTIC PROCEDURES REQUIRING THE USE OF RADIO-ISOTOPES/REËL VAN TOEPASSING OP DIAGNOSTIESE PROSEDURES WAT DIE GEBRUIK VAN RADIO-ISOTOPE VEREIS**

AA. Procedures to exclude cost of isotopes./ *Prosedures sluit nie die koste van die isotoop in nie.*

**RULE GOVERNING THE SECTION RADIATION ONCOLOGY/REËL VAN TOEPASSING OP DIE AFDELING STRALINGS ONKOLOGIE**

BB. The fees in this section (radiation oncology) do NOT include the cost of radium or isotopes./ *Die gelde in hierdie afdeling (stralings onkologie) sluit NIE die koste van radium of isotope in NIE.*

**RULE GOVERNING ULTRASONIC EXAMINATIONS/REËL VAN TOEPASSING OP ULTRASONIESE ONDERSOEKE**

- EE. (a) In case of a referral, the referring doctor must submit a letter of motivation to the radiologist or other practitioner doing the scan. A copy of the letter of motivation must be attached to the first account rendered to the patient (by the radiologist or the other practitioner doing the scan) and must be attached to the first account submitted to the medical scheme by the patient or the doctor, as the case may be./ *In geval van 'n verwysing, moet die verwysende geneesheer 'n skriftelike motivering verskaf aan die radioloog of ander geneesheer wat die ondersoek doen. 'n Kopie van die motivering moet aangeheg word aan die eerste rekening wat aan die pasiënt gelewer word (deur die radioloog of ander geneesheer wat die ondersoek doen) en moet aangeheg word aan die eerste rekening wat aan die mediese skema voorgelê word deur die pasiënt of die geneesheer, na gelang van die geval.*
- (b) In case of a referral to a radiologist, no motivation should be required from the radiologist./ *In geval van 'n verwysing na 'n radioloog, moet geen motivering van die radioloog vereis word nie.*

**RULES GOVERNING THE SECTION URINARY SYSTEM/REËLS VAN TOEPASSING OP DIE AFDELING URIENSTELSEL**

- FF. (a) When a **cystoscopy precedes a related operation**, modifier 0013: Endoscopic examination done at an operation, applies, e.g. cystoscopy followed by transurethral (T U R) prostatectomy/Wanneer 'n sistoskopiese ondersoek uitgevoer word deur transurethrale prostatektomie.
- (b) When a **cystoscopy precedes an unrelated operation**, modifier 0005: Multiple procedures/operations under the same anaesthetic, applies, e.g. cystoscopy for urinary tract infection followed by inguinal hernia repair/Wanneer 'n sistoskopiese ondersoek uitgevoer word deur transurethrale prostatektomie, word 'n onverwante operasie uitgevoer onder dieselfde narkose, byvoorbeeld sistoskopiese ondersoek vir urinêre infeksie gevolg deur liesbreuk herstel.
- (c) No modifier applies to item 1949: Cystoscopy, when performed together with any of items 1951 to 1973/Geen wysiger is van toepassing op item 1949: Sistoskopiese ondersoek, wanneer saam met enige van items 1951 tot 1973 uitgevoer word.

**RULE GOVERNING THE SECTION RADIOLOGY/REËL VAN TOEPASSING OP DIE AFDELING RADIOLOGIE**

- GG. **Capturing and recording of examinations:** Images from all radiological, ultrasound and magnetic resonance imaging procedures must be captured during every examination and a permanent record generated by means of film, paper, or magnetic media. A report of the examination, including the findings and diagnostic comment, must be written and stored for five years/Vaslegging en opname van ondersoekte: Beelde van alle radiologiese, ultraklank-, en magnetiese resonansiebeeldingprosedures moet tydens elke ondersoek vasgelê word en 'n permanente rekord moet deur middel van film, papier, of magnetiese media voortgebring word. 'n Verslag van die ondersoek, insluitende die bevindings en diagnostiese kommentaar, moet opgestel en vir vyf jaar gestoor word.

**MODIFIERS GOVERNING THE TARIFF/WYSIGERS VAN TOEPASSING OP DIE TARIEF****MODIFIER GOVERNING THE RADIOLOGY AND RADIATION ONCOLOGY SECTIONS OF THE TARIFF/WYSIGER VAN TOEPASSING OP DIE RADIOLOGIE- EN STRALINGSONKOLOGIE-AFDELINGS VAN DIE TARIEF**

- 0001 **After-hours emergency radiological services:** For involuntarily scheduled after-hours emergency radiological services (see general rule B: Normal hours and after hours), the additional premium shall be 50% of the fee for the particular services (section 19.12: Portable unit examinations, excluded). For after-hours MR scans, a maximum levy of 100,00 Radiological units (R 1001.00) is applicable/Na-ure radiologiese nooddienste: Vir onwillekeurig geskeduleerde na-ure radiologiese nooddienste (raadpleeg algemene reël B: Normale ure en na-ure), is die addisionele premie 50% van die gelde vir die spesifieke diens (afdeling 19.12: Ondersoekte met mobiele eenhede, uitgesluit). Vir na-ure MR-skanderings is 'n maksimum heffing van 100,00 Radiologiese-eenhede (R 1001.00) van toepassing.

**MODIFIER GOVERNING A RADIOLOGIST REQUESTED TO GIVE A REPORT ON X-RAYS/WYSIGER VAN TOEPASSING OP 'N RADIOLOOG WAT VERSOEK IS OM 'N VERSLAG OOR X-STRALE TE VERSKAF**

- 0002 **Written report on X-rays:** The lowest level code for a new patient office (consulting rooms) visit, is applicable only where a radiologist is requested to give a written report on X-rays taken elsewhere and submitted to him. The above mentioned item and the lowest level initial hospital visit code, as appropriate are not to be used for routine reporting of X-rays taken elsewhere/Geskrewe verslag oor X-strale: Die laagste vlak kode vir 'n nuwe pasiënt spreekkamer besoek, is van toepassing slegs wanneer 'n radioloog gevra word om 'n skriftelike verslag te gee oor X-strale wat elders geneem is en aan hom voorgelê word. Die bogenoemde item en die laagste vlak aanvenklike hospitaal besoek kode, moet nie gebruik word vir roetine verslaggewing van X-strale wat elders geneem is nie.

**0005 Multiple therapeutic procedures/operations under the same anaesthetic/Meer as een terapeutiese prosedure/operasie onder dieselfde narkose:**

- (a) Unless otherwise identified in the tariff when multiple procedures/operations add significant time and/or complexity, and when each procedure/operation is clearly identified and defined, the following values shall prevail: 100% (full value) for the first or major procedure/operation, plus 50% (half of) the tariff fee in respect of each additional operation or procedure with a maximum of four additional operations or procedures/Wanneer meer as een prosedure/operasie heelwat addisionele tyd en/of ingewikkeldheid meebring, en elke prosedure/operasie duidelik geïdentifiseerbaar en gedefinieer is, sal die volgende waardes daaraan toegeken word, behalwe waar anders gespesifiseer is in die tarief: 100% (volle tarief) vir die eerste of groter prosedure/operasie plus 50% (helfte van) tariefgelde ten opsigte van elke bykomende operasie of prosedure tot 'n maksimum van vier bykomende operasies of prosedures.
- (b) In the case of multiple fractures and/or dislocations the above values shall prevail/In die geval van meer as een fraktuur en/of ontwrigting sal bostaande waardes van toepassing wees.
- (c) When purely diagnostic endoscopic procedures or diagnostic endoscopic procedures unrelated to any therapeutic procedures performed, are performed under the same general anaesthetic, modifier 0005 is not applicable to the fees for such diagnostic endoscopic procedures as the fees for endoscopic procedures do not provide for after-care. Specify unrelated endoscopic procedure and provide diagnosis to indicate diagnostic endoscopic procedure(s) unrelated to other (therapeutic) procedures performed under the same anaesthetic/Wanneer suiwer diagnostiese endoskopiese prosedures of diagnostiese endoskopiese prosedures onverwant tot enige terapeutiese prosedure onder dieselfde narkose uitgevoer word, is wysiger 0005 nie van toepassing op die gelde van sodanige diagnostiese endoskopiese prosedures nie aangesien die gelde vir endoskopiese prosedures nie nasorg insluit nie. Spesifiseer onverwante endoskopiese prosedure en voorsien diagnose om die diagnostiese endoskopiese prosedure(s) wat onverwant tot ander (terapeutiese) prosedures wat onder dieselfde narkose uitgevoer is, aan te dui.

- (d) Please note: When more than one small procedure is performed and the tariff makes provision for items for "subsequent" or "maximum for multiple additional procedures" (see Section 2. Integumentary System) modifier 0005 is not applicable as the fee is already a reduced fee/Neem asseblief kennis: Wanneer meer as een klein prosedure uitgevoer word en die tarief voorsiening maak vir items vir "daaropvolgende" of "maksimum vir veelvuldige bykomende prosedures" (raadpleeg Afdeling 2. Huidstelsel) is wysiger 0005 nie van toepassing nie, aangesien die tarief reeds verminder is.
- (e) "+" Means that this item is used in addition to another definitive procedure and is therefore not subject to reduction according to modifier 0005 (see also modifier 0082)/"+" Beteken dat hierdie item bykomend tot 'n ander bepalende prosedure item gebruik word en daarom nie aan vermindering onderworpe is volgens wysiger 0005 nie (raadpleeg ook wysiger 0082).

**APPLICATION OF MODIFIER 0005 IN CASES WHERE BONE GRAFT PROCEDURES AND INSTRUMENTATION ARE PERFORMED IN COMBINATION WITH ARTHRODESIS (FUSION) / TOEPASSING VAN WYSIGER 0005 IN GEVALLE WAAR BEENOORPLANTINGS PROSEDURES EN INSTRUMENTASIE IN KOMBINASIE MET ARTHRODESE (FUSIE) UITGEVOER WORD :**

- (f) Modifier 0005 (multiple procedures/operations under the same anaesthetic) is not applicable if the following procedures are performed together / Wysiger 0005 (veelvuldige prosedures/operasies onder dieselfde narkose), is nie van toepassing wanneer die volgende prosedures saam uitgevoer word nie:
1. Bone graft procedures and instrumentation are to be charged in addition to arthrodesis / Beenoorplantingsprosedures en instrumentasie word bykomend tot artrose gehel.
  2. When vertebral procedures are performed by arthrodesis, bone grafts and instrumentation may be charged for in addition / Indien vertebrale prosedures uitgevoer word deur artrose, mag beenoorplantings en instrumentasie addisioneel voor gehel word.
- (g) Modifier 0005 (Multiple procedures/operations under the same anaesthetic) would be applicable when arthrodesis is performed in addition to another procedure, e.g. osteotomy, laminectomy / Wysiger 0005 (veelvuldige prosedures onder dieselfde narkose), sal van toepassing wees waar artrose saam met 'n ander prosedure bv. osteotomie, laminektomie, uitgevoer word.
- 0006** A 25% reduction in the fee for a subsequent operation for the same condition within one month shall be applicable if the operations are performed by the same surgeon (an operation subsequent to a diagnostic procedure is excluded). After a period of one month the full fee is applicable/n 25% vermindering in die gelde van 'n daaropvolgende operasie, binne een maand, vir dieselfde siektetoestand, is van toepassing indien die operasies deur dieselfde chirurg uitgevoer word ('n operasie wat volg op 'n diagnostiese prosedure is uitgesluit). Indien 'n daaropvolgende operasie na meer as een maand uitgevoer word, is die volle gelde betaalbaar.
- 0007** (a) **Use of own monitoring equipment in the rooms:** Remuneration for the use of any type of own monitoring equipment in the rooms for procedures performed under intravenous sedation - 15,00 clinical procedure units (R 143.60) irrespective of the number of items of equipment provided/**Gebruik van eie monitering toerusting in die kamers:** Vergoeding vir die gebruik van enige tipe eie monitering toerusting in kamers vir prosedures wat onder intraveneuse sedasie uitgevoer word - 15,00 kliniese prosedure eenhede (R 143.60), ongeag die aantal items toerusting wat voorsien word.
- (b) **Use of own equipment in hospital or unattached theatre unit:** Remuneration for the use of any type of own equipment for procedures performed in a hospital theatre or unattached theatre unit when appropriate equipment is not provided by the hospital - 15,00 clinical procedure units (R 143.60) irrespective of the number of items of equipment provided/**Gebruik van eie toerusting in hospitaalteater of losstaande teater eenheid:** Vergoeding vir die gebruik van enige tipe eie toerusting vir prosedures wat in 'n hospitaalteater of losstaande teater eenheid uitgevoer word, indien sodanige toerusting nie deur die hospitaal verskaf word nie - 15,00 kliniese prosedure eenhede (R 143.60) , ongeag die aantal items toerusting wat voorsien word.
- 0008** **Specialist surgeon assistant:** Where a procedure requires a registered specialist surgeon assistant, the fee is 33,33% (1/3) of the fee for the specialist surgeon/**Spesialis-chirurg assistent:** Waar 'n prosedure 'n geregistreerde spesialis-chirurg assistent vereis, is die gelde 33,33% (1/3) van die spesialis-chirurg se gelde.
- 0009** **Assistant:** The fee for an assistant is 20% of the fee for the specialist surgeon, with a minimum of 36,00 clinical procedure units (R344.50) /**Assistent:** Die gelde vir 'n assistent is 20% van die spesialis-chirurg se gelde met 'n minimum van 36,00 kliniese prosedure eenhede (R344.50)
- 0010** **Local anaesthetic/Lokale verdoving:**
- (a) A fee for a local anaesthetic administered by the operator may only be charged for (1) an operation or a procedure having a value greater than 30,00 clinical procedure units (i.e. 31,00 or more clinical procedure units (R 287.10) allocated to a single item) or (2) where more than one operation or procedure is done at the same time with a value greater than 50 clinical units (R478.50)/**Gelde mag gehel word vir plaaslike verdoving toegedien deur die persoon wat die operasie uitvoer, maar slegs vir 'n operasie of prosedure met 'n waarde van meer as 30,00 kliniese prosedure eenhede (d.i. 31,00 of meer kliniese prosedure eenhede (R 287.10) toegeken aan 'n enkele item of (2) waar meer as een operasie of prosedure op dieselfde tyd uitgevoer, 'n waarde van meer as 50,00 kliniese prosedure eenhede (R478.50) het).**
- (b) The fee shall be calculated according to the basic anaesthetic units for the specific operation. Anaesthetic time may not be charged for, but the minimum fee as per modifier 0036: Anaesthetic administered by a general practitioner, shall be applicable in such a case/Die gelde word bereken volgens die basiese narkose-eenhede van die spesifieke operasie, met weglating van die narkose tydsfaktor, maar die minimum tarief soos per wysiger 0036: Narkose deur 'n algemene praktisyn toegedien, sal van toepassing wees in sodanige geval.
- (c) Not applicable to radiological procedures (such as angiography and myelography)/Nie van toepassing op radiologiese prosedures (soos angiografie en mielografie) nie.

- (d) No fee may be levied for topical application of local anaesthetic/*Geen gelde mag gehef word vir die topiese aanwending van lokale verdoving nie.*
- (e) Please note: modifier 0010: Local anaesthetic administered by the operator, may not be added on the surgeon's account for procedures that were performed under general anaesthetic/*Let wel: wysiger 0010: Plaaslike verdoving toegedien deur die persoon wat die operasie uitvoer, mag nie op die chirurg se rekening gehef word vir prosedures wat onder algemene narkose uitgevoer is nie.*

**0011 Emergency surgery for theatre procedures:** Any bona fide, justifiable emergency procedure : only applicable during after-hour periods – see general rule B, undertaken in an operating theatre, will attract an additional 12,00 clinical procedure units (R 114.80) per half-hour or part thereof of the operating time for all members of the surgical team. Modifier 0011 does not apply in respect of patients on scheduled lists/*Noodchirurgie vir teaterprosedures: Vir enige bona fide, regverdigbare noodprosedure- slegs van toepassing gedurende na-ure periodes – vergelyk algemene reël B) wat in 'n operasieteater uitgevoer word, kan 'n bykomende 12,00 kliniese prosedure-eenhede (R 114.80) per halfuur of gedeelte daarvan, van die operasietyd gehef word deur alle lede van die chirurgiese span. Wysiger 0011 is nie van toepassing op van pasiënte op geskeduleerde lyste nie.*

**0013 Endoscopic examinations done at operations:** Where a related endoscopic examination is done at an operation by the operating surgeon or the attending anaesthesiologist, only 50% of the fee for the endoscopic examination may be charged/*Endoskopiese ondersoekte tydens prosedures: Waar 'n verwante endoskopiese ondersoek uitgevoer word by 'n operasie deur die chirurg wat die operasie uitvoer of die anestesiooloog, mag slegs 50% van die gelde vir die endoskopiese ondersoek gehef word.*

**0014 Operations previously performed by other surgeons:** Where an operation is performed which has been previously performed by another surgeon, e.g. a revision or repeat operation, the fee shall be calculated according to the tariff for the full operation plus an additional fee to be negotiated under general rule J: in exceptional cases where the fee is disproportionately low in relation to actual service rendered, except where already specified in the tariff/*Operasies voorheen uitgevoer deur ander chirurges: Wanneer 'n operasie uitgevoer word wat vantevore deur 'n ander chirurg uitgevoer is, byvoorbeeld 'n hersteloperasie of herhaling van 'n operasie, word die gelde bereken volgens die volle operasietarief plus addisionele gelde bepaal volgens onderhandeling ingevolge algemene reël J: In buitengewone gevalle waar die gelde buite verhouding laag is in vergelyking met die werklike dienste gelewer, behalwe in gevalle waar dit alreeds gespesifiseer is in die tarief.*

#### INJECTIONS, INFUSIONS AND INHALATION SEDATION/INSPUITINGS, INFUSIES EN INHALASIE SEDASIE

#### MODIFIERS GOVERNING THIS SPECIFIC SECTION OF THE TARIFF/WYSIGERS VAN TOEPASSING OP HIERDIE BESONDERE AFDELING VAN DIE TARIEF

**0015 Intravenous infusions:** Where intravenous infusions (including blood and blood cellular products) are administered as part of the after-treatment after the operation or confinement, no extra fees shall be charged as this is included in the global operative or maternity fees. Should the practitioner doing the operation or attending to the maternity case prefer to ask another practitioner to perform post-operative or post-confinement intravenous infusions, then the practitioner himself (and not the patient) shall be responsible for remunerating such practitioner for the infusions/*Binne-aarse infusies: Waar binne-aarse infusie (bloed en bloedseelprodukte ingeslote) as deel van die nabehandeling van die operasie of bevalling toegedien word, word geen ekstra gelde daarvoor gehef nie, omdat dit by die globale operasie- of bevallingsgelde ingesluit is. Indien die geneesheer wat die operasie of bevalling hanteer, verkies om 'n ander geneesheer te vra om binne-aarse infusie na die operasie of bevalling toe te dien, is hyself (en nie die pasiënt nie) teenoor sodanige geneesheer vir sy vergoeding vir die infusies verantwoordelik.*

**0017 Injections administered by practitioners:** When desensitization, intravenous, intramuscular or subcutaneous injections are administered by the practitioner himself to patients who attend the consulting rooms, a first injection forms a part of the consultation/visit and all subsequent injections for the same condition should be charged at 50% of the appropriate visit fee for a general practitioner/*Inspuitings deur praktisyne toegedien: Wanneer desensitiserings-, binne-aarse, binnespiers- of onderhuidse inspuitings deur die praktisyne self aan pasiënte toegedien word wat die spreekkamers besoek, vorm toediening van 'n eerste inspuiting deel van die konsultasie/ besoek en vir alle daaropvolgende inspuitings vir dieselfde toestand word 50% van die toepaslike besoekgelde vir 'n algemene praktisyne, gehef.*

#### MODIFIER GOVERNING SURGERY ON PERSONS WITH A BODY MASS INDEX (BMI) OF MORE THAN 35/WYSIGER VAN TOEPASSING OP CHIRURGIE OP PERSONE MET 'N LIGGAAMSMASSAINDEX (LMI) VAN MEER AS 35

**0018 Surgical modifier for persons with a BMI of 35+ (calculated according to  $\text{kg/m}^2$  weight in kilograms divided by height in metres squared):** Fee for procedure +50% for surgeons and a 50% increase in anaesthetic time units for anaesthesiologists/*Chirurgiese wysiger vir persone met 'n LMI van 35+ (bereken volgens  $\text{kg/m}^2$ ): Gelde vir prosedure +50% vir chirurges en 'n verhoging van 50% in narkosetydseenhede vir anesthesioloë.*

#### MODIFIERS GOVERNING THE ADMINISTRATION OF ANAESTHETIC FOR ALL THE PROCEDURES AND OPERATIONS INCLUDED IN THIS TARIFF/WYSIGERS WAT BETREKKING HET OP DIE TOEDIENING VAN NARKOSE VIR ALLE PROSEDURES EN OPERASIES WAT IN HIERDIE TARIEF OPGENEEM IS

**0021 Determination of anaesthetic fees:** Anaesthetic fees are determined by obtaining the sum of the basic anaesthetic units (allocated to each procedure that might be performed under anaesthetic indicated in the anaesthetic column) plus the time units (calculated according to the formula in modifier 0023) and the appropriate modifiers (see modifiers 0037-0044). In cases of operative procedures on the musculo-skeletal system, open fractures and open reduction of fractures or dislocations add units as laid down by modifiers 5441 to 5448/*Bepaling van narkosegelde: Narkosegelde word bereken deur die som te verkry van die basiese narkose-eenhede (toegeken aan elke prosedure wat onder narkose uitgevoer kan word en aangedui in die narkosekolom) plus tydseenhede (bereken volgens die formule in wysiger 0023) en die toepaslike wysigers (verwys na wysigers 0037-0044). In gevalle van operatiewe prosedures op die spier-skeletstelsel, oop frakture en oop reduksie van frakture en ontwrigtings, tel ook eenhede by soos neergelê deur wysigers 5441 tot 5448.*

- 0023** The basic anaesthetic units are laid down in the tariff and are reflected in the anaesthetic column. These basic anaesthetic units reflect the additional anaesthetic risk, the technical skill required of the anaesthesiologist and the scope of the surgical procedure, but exclude the value of the actual time spent administering the anaesthetic. The time units (indicated by "T") will be added to the listed basic anaesthetic units in all cases on the following basis/*Die basiese narkose-eenhede word in die tarief voorgeskryf en word in die narkose kolom aangedui. Hierdie basiese narkose-eenhede is 'n weergawe van die addisionele narkoserisiko, die tegniese vaardigheid van die anesthesioloog en die omvang van die chirurgiese prosedure, maar nie van die waarde van die werklike tyd wat deur die toediening van narkose in beslag geneem word nie. Tydeenhede (aangedui deur "T") sal in alle gevalle by voorgeskrewe basiese narkose-eenhede gevoeg word, en wel op die volgende wyse:*
- Anaesthetic time:** The remuneration for anaesthetic time shall be per 15 minute period or part thereof, calculated from the commencement of the anaesthetic, i.e. 2,00 anaesthetic units (R 89.40) per 15 minute period or part thereof, provided that should the duration of the anaesthetic be longer than one (1) hour the number of units shall, after one (1) hour, be 3,00 anaesthetic units (R134.10) per 15 minute period or part thereof/*Narkosetyd: Vergoeding vir narkosetyd geskied per 15-minuutperiode of deel daarvan, bereken vanaf die aanvang van die narkose, dit is 2,00 narkose-eenhede (R 89.40) per 15-minuutperiode of deel daarvan, met dien verstande dat indien die narkose langer as een (1) uur duur, die aantal eenhede, na een (1) uur 3,00 narkose-eenhede (R134.10) per 15 minute of deel daarvan is.*
- 0024** **Pre-operative assessments not followed by procedures:** If a pre-operative assessment of a patient by the anaesthesiologist is not followed by an operation it will be regarded as a visit at hospital or nursing home and the appropriate hospital visit item should be charged/*Voor-narkose evaluering wat nie deur operasies gevolg word nie. Indien 'n voor-narkose evaluering van 'n pasiënt deur die anesthesioloog nie gevolg word deur 'n operasie nie, word dit as 'n besoek by die hospitaal of verpleeginrigting beskou en die toepaslike hospitaal besoek item behoort gehê te word.*
- 0025** **Calculation of anaesthetic time:** Anaesthetic time is calculated from the time the anaesthesiologist begins to prepare the patient for the induction of anaesthesia in the operating theatre or in a similar equivalent area and ends when the anaesthesiologist is no longer required to give his/her personal professional attention to the patient, i.e. when the patient may, with reasonable safety, be placed under the customary post-operative supervision. Where prolonged personal professional attention is necessary for the well-being and safety of such patient, the necessary time will be valued on the same basis as indicated above for the anaesthetic time. The anaesthesiologist must show on his/her account the exact anaesthetic time, including the supervision time spent with the patient/*Berekening van narkosetyd: Narkosetyd word bereken vanaf die tyd waarop die anesthesioloog die pasiënt begin voorberei vir die induksie van narkose in die operasietheater of in 'n soortgelyke area en eindig wanneer die persoonlike en professionele aandag van die anesthesioloog aan die pasiënt nie meer nodig is nie, dit is wanneer die pasiënt binne redelike parke van veiligheid aan gewone na-operatiewe sorg toevertrou kan word. Waar persoonlike, professionele aandag vir die beswil en veiligheid van die pasiënt vir 'n langer tydperk nodig is, sal die waarde daarvan bereken word soos hierbo uiteengesit ten opsigte van narkosetyd. Die anesthesioloog moet op sy/haar rekening die presiese narkosetyd, insluitende die versorgingstyd met die pasiënt aandui.*
- 0027** **More than one procedure under the same anaesthetic:** Where more than one operation is performed under the same anaesthetic, the basic anaesthetic units will be that of the major operation with the highest number of units/*Meer as een operasie onder dieselfde narkose: Wanneer meer as een operasie onder dieselfde narkose uitgevoer word, sal die basiese narkose-eenhede gelykstaan met dié van die groter operasie wat die hoogste aantal eenhede dra.*
- 0029** **Assistant anaesthesiologists:** When rendered necessary by the scope of the anaesthetic, an assistant anaesthesiologist may be employed. The remuneration of the assistant anaesthesiologist shall be calculated on the same basis as in the case where a general practitioner administers the anaesthetic/*Assistent-anesthesioloog: Wanneer die omvang van 'n narkose dit vereis, kan gebruik gemaak word van die dienste van 'n assistent-anesthesioloog. Die assistent-anesthesioloog se vergoeding sal op dieselfde basis bereken word as in die geval van 'n algemene praktisyn wat narkose toedien.*
- 0031** **Intravenous drips and transfusions:** Treatment with intravenous drips and transfusions is considered part of the normal treatment in administering an anaesthetic. No additional fees may be charged for such services when rendered either prior to, or during actual theatre or operating time/*Intraveneuse infusies en transfusies: Behandeling met intraveneuse infusies en transfusies word as deel van die normale behandeling geag by die toediening van 'n narkose. Geen bykomende gelde mag vir sodanige dienste gehê word wanneer dit voor, of gedurende werklike teater- of operasietyd gelewer is nie.*
- 0032** **Patients in prone position:** Anaesthesia administered to patients in the prone position shall have a minimum of 4,00 basic anaesthetic units. When the basic anaesthetic units for the procedure is 3,00, one extra anaesthetic unit (R44.70) should be added. If the basic anaesthetic units for the procedure is 4,00 or more (R 178.80), no extra units should be added/*Pasiënte in buikliggende posisie: Narkose toegedien aan pasiënte in die buikliggende posisie sal 'n minimum van 4,00 basiese narkose-eenhede dra. Wanneer die basiese narkose-eenhede vir die prosedure 3,00 is, word een addisionele narkose-eenheid (R 44.70) bygevoeg. Indien die basiese narkose-eenhede wat toegeken is aan die prosedure 4,00 of meer is (R 178.80), word geen bykomende eenhede bygevoeg nie.*
- 0033** **Participating in general care of patients:** When an anaesthesiologist is required to participate in the general care of a patient during a surgical procedure, but does not administer the anaesthetic, such services may be remunerated at full anaesthetic rate, subject to the provisos of modifier 0035: Anaesthetic administered by a specialist anaesthesiologist/*Deelname aan algemene sorg van pasiënte: Wanneer dit van 'n anesthesioloog verlang word om deel te hê aan die algemene sorg van 'n pasiënt gedurende 'n chirurgiese prosedure, maar hy nie narkose toedien nie, mag sodanige dienste vergoed word teen die volle narkose tarief, onderworpe aan die bepalings van wysiger 0035: Narkose toegedien deur 'n spesialis-anesthesioloog.*
- 0034** **Head and neck procedures:** All anaesthetics administered for diagnostic, surgical or X-ray procedures on the head and neck shall have a minimum of 4,00 basic anaesthetic units. When the basic anaesthetic units for the procedure is 3,00, one extra anaesthetic unit (R 44.70) should be added. If the basic anaesthetic units for the procedure is 4,00 or more (R 178.80), no extra units should be added/*Kop- en nekprosedures: Alle narkoses wat toegedien word vir diagnostiese, chirurgiese of X-straal prosedures aan die kop en nek, sal 'n minimum van 4,00 basiese narkose-eenhede hê. Wanneer die basiese narkose-eenhede vir die prosedure 3,00 is, word een addisionele narkose-eenheid (R44.70) bygevoeg. Indien die basiese narkose-eenhede wat toegeken is aan die prosedure 4,00 of meer is (R 178.80), word geen bykomende eenhede bygevoeg nie.*

- 0035 Anaesthetic administered by specialist anaesthesiologists:** No anaesthetic administered by a specialist anaesthesiologist shall have a total value of less than 7,00 anaesthetic units (R 313.00) (basic units, time units plus appropriate modifiers)/*Narkose toegedien deur spesialis-anesesioloë: Geen narkose deur 'n spesialis-anesesioloog toegedien, sal 'n totale waarde laer as 7,00 narkose-eenhede hê nie* (R 313.00) (basiese eenhede, tydseenhede plus toepaslike wysigers).
- 0036 Anaesthetic administered by general practitioners:** The units (basic units plus time plus the appropriate modifiers) used to calculate the fee for an anaesthetic administered by a general practitioner lasting one hour or less shall be the same as that for a specialist anaesthesiologist. For anaesthetic lasting more than one hour, the units used to calculate the fee for an anaesthetic administered by a general practitioner will be 4/5 (80%) of the total number of units (basic units plus time plus the appropriate modifiers) applicable to the specialist anaesthesiologist provided that no anaesthetic shall have a total value of less than 7,00 anaesthetic units (R 313.00). The monetary value of the unit is the same for both a specialist anaesthesiologist and a general practitioner anaesthetist/*Narkose toegedien deur algemene praktisyne: Gelde vir narkose deur 'n algemene praktisyne wat een uur of korter duur sal bereken word volgens dieselfde hoeveelheid eenhede (basiese eenhede plus tyd plus die toepaslike wysigers) van toepassing op die spesialis-anesesioloog. Vir narkose wat langer as een uur duur sal die gelde van die algemene praktisyne bereken word teen 4/5 (80%) van die totale aantal eenhede (basiese eenhede plus tyd plus die toepaslike wysigers) van toepassing op die spesialis-anesesioloog met die voorbehoud dat geen narkose 'n totale waarde laers as 7,00 narkose-eenhede (R 313.00) sal hê nie. Die geldwaarde van 'n eenheid is dieselfde vir beide die spesialis-anesesioloog en die algemene praktisyne narkotiseuseur.*
- Note:** Modifying units may be added to the basic anaesthetic unit value according to the following modifiers (0037-0044, 5441-5448)/  
**Opmerking:** *Wysigingseenhede mag tot die basiese narkose-eenhede bygevoeg word volgens die volgende wysigers (0037-0044, 5441-5448):*
- 0037 Body hypothermia:** Utilisation of total body hypothermia: Add 3,00 anaesthetic units (R 134.10) /*Liggaamshipotermie: Aanwending van totale liggaams-hipotermie: Voeg 3,00 narkose-eenhede by* (R 134.10) .
- 0038 Peri-operative blood salvage:** Add 4,00 anaesthetic units (R 178.80) for intraoperative blood salvage and 4,00 anaesthetic units for post-operative blood salvage/*Peri-operatiewe bloed herwinning: Voeg 4,00 narkose-eenhede (R 178.80) by vir intra-operatiewe bloed herwinning en 4,00 narkose-eenhede vir post-operatiewe bloed herwinning.*
- 0039 Control of blood pressure:** Deliberate control of the blood pressure: All cases up to one hour: Add 3,00 anaesthetic units (R 134.10), thereafter add 1,00 (one) additional anaesthetic unit (R 44.70) per quarter hour or part thereof/*Bloeddrukbeheer: Doelbewuste beheer van bloeddruk: Alle gevalle tot en met een uur: Voeg 3,00 narkose-eenhede by (R 134.10), daarna word 1,00 (een) bykomende narkose-eenheid (R 44.70) bygevoeg per kwartier of gedeelte daarvan.*
- 0041 Hyperbaric pressurisation:** Utilisation of hyperbaric pressurisation: Add 3,00 anaesthetic units (R 134.10) /*Hiperbariese drukreëls: Aanwending van hiperbariese drukreëls: Voeg 3,00 narkose-eenhede by* (R 134.10) .
- 0042 Extracorporeal circulation:** Utilisation of extracorporeal circulation: Add 3,00 anaesthetic units (R 134.10) /*Buiteliggamlike sirkulasie: Aanwending van buiteliggamlike sirkulasie: Voeg 3,00 narkose-eenhede by* (R 134.10) .

**MUSCULO-SKELETAL SYSTEM/SPIER-SKELET STELSEL****MODIFIERS GOVERNING ANAESTHETIC FEES FOR ORTHOPAEDIC OPERATIONS/WYSIGERS VAN TOEPASSING OP NARCOSEGEELDE VIR ORTOPEDIËSE OPERASIES****Modifiers 5441 to 5448/Wysigers 5441 tot 5448**

Modification of the anaesthetic fee in cases of operative procedures on the musculo-skeletal system, open fractures and open reduction of fractures and dislocations is governed by adding units indicated by modifiers 5441 to 5448. (The letter "M" is annotated next to the number of units of the appropriate items, for facilitating identification of the relevant items)/*Wysiging van die narkosetarief in gevalle van operatiewe prosedures op die spier-skeletstelsel, oop frakture en oop reduksie van frakture en ontvrigtings word gereël deur byvoeging van eenhede soos deur wysigers 5441 tot 5448 aangegee. (Die letter "M" is aangeteken by die eenhede van die toepaslike items, ten einde identifikasie van die betrokke items te vergemaklik.)*

- 5441** Add one (1,00) anaesthetic unit (R 44.70) , except where the procedure refers to the bones named in modifiers 5442 to 5448/*Voeg een (1,00) narkose-eenheid (R 44.70) by, behalwe waar die prosedure betrekking het op die bene wat genoem word in wysigers 5442 tot 5448.*
- 5442** Shoulder, scapula, clavicle, humerus, elbow joint, upper 1/3 tibia, knee joint, patella, mandible and temporo-mandibular joint: Add two (2,00) anaesthetic units (R 89.40) /*Skouer, skapula, klavikula, humerus, elmbooggewrig, boonste 1/3 van tibia, kniegewrig, patella, mandibula en temporo=mandibulêre gewrig: Voeg twee (2,00) narkose-eenhede (R 89.40) by.*
- 5443** Maxillary and orbital bones: Add three (3,00) anaesthetic units (R 134.10) /*Maksillêre en orbitale bene: Voeg drie (3,00) narkose-eenhede by.* (R 134.10)
- 5444** Shaft of femur: Add four (4,00) anaesthetic units (R 178.80) /*Skag van femur: Voeg vier (4,00) narkose-eenhede by* (R 178.80) .
- 5445** Spine (except coccyx), pelvis, hip, neck of femur: Add five (5,00) anaesthetic units (R 223.60) /*Werwelkolom (behalwe koksiks), pelvis, heup, nek van femur: Voeg vyf (5,00) narkose-eenhede (R 223.60) by.*
- 5448** Sternum and/or ribs and musculo-skeletal procedures which involve an intra-thoracic approach: Add eight (8,00) anaesthetic units (R 357.70) /*Sternum en/of ribbe en spier-skeletprosedures wat 'n intra-torakale toegang behels: Voeg agt (8,00) narkose-eenhede (R 357.70) by.*

**0045 Post-operative alleviation of pain/Na-operatiewe pynverligting**

- (a) When a **regional or nerve block procedure** is performed, the appropriate hospital follow-up visit to patient in ward or nursing facility, can be charged, provided that it is not the primary anaesthetic technique/Wanneer 'n **streeksblok of senuweeblok** uitgevoer word, kan die toepaslike opvolgbesoek aan pasiënt by hospitaal of verpleeginrigting gehef word, solank genoemde blok nie die primêre narkosategniek is nie.
- (b) When a **second medical practitioner** has administered the regional or nerve block for post-operative alleviation of pain it shall be charged according to the particular procedure for instituting therapy. Revisits shall be charged according to the appropriate hospital follow-up visit to patient in ward or nursing facility/Wanneer 'n **tweede mediese praktisyn** die streeksblok of senuweeblok vir na-operatiewe pynverligting toedien, sal gelde gehef word volgens die betrokke prosedure vir die toedien van die terapie. Herbesoeke word volgens die toepaslike opvolgbesoek aan pasiënt by hospitaal of verpleeginrigting gehef.
- (c) None of the above is applicable for **routine post-operative pain management** i.e. intramuscular, intravenous or subcutaneous administration of opiates or NSAID (nonsteroidal anti-inflammatory drug)/Geeneen van die bogemelde is van toepassing op **roetine na-operatiewe behandeling vir pyn** nie, bv. binnespierse, binnearse of subkutane toediening van opiate, of NSAIDS (non-steroïde anti-inflammatoriese middel)

**MODIFIER GOVERNING FEES FOR AN ANAESTHESIOLOGIST OPERATING INTRA-AORTIC BALLOON PUMP (CARDIOVASCULAR SYSTEM/WYSIGER VAN TOEPASSING OP GELDE VIR 'N ANESTESIOLOOG VIR BEHEER VAN INTRA-AORTIESE BALLONPOMP (KARDIO-VASKUL&RESTELSEL**

**0100 Intra-aortic balloon pump:** Where an anaesthesiologist would be responsible for operating an intra-aortic balloon pump, a fee of 75,00 clinical procedure units (R 717.80) is applicable/**Intra-aortiese ballonpomp:** Waar 'n anesthesioloog verantwoordelik is vir beheer van 'n intra-aortiese ballonpomp is 'n tarief van 75,00 kliniese prosedure eenhede (R 717.80) van toepassing.

**MUSCULO-SKELETAL SYSTEM/SPIER-SKELETSTELSEL****MODIFIERS GOVERNING THIS SPECIFIC SECTION OF THE TARIFF/WYSIGERS VAN TOEPASSING OP HIERDIE BEPAALDE AFDELING VAN DIE TARIEF**

- 0046** Where in the treatment of a specific fracture or dislocation (compound or closed) an initial procedure is followed within one month by an open reduction, internal fixation, external skeletal fixation or bone grafting on the same bone, the fee for the initial treatment of that fracture or dislocation shall be reduced by 50%. Please note: This reduction does not include the assistant's fee or after-hours levy where applicable. After one month, a full fee as for the initial treatment, is applicable/Waar in die behandeling van 'n spesifieke fraktuur of ontwrigting (oop of geslote) 'n aanvanklike prosedure binne een maand gevolg word deur 'n oop reduksie of interne fiksasie, buite-skeletfiksasie of beënoorplanting aan dieselfde been, word die gelde vir die aanvanklike behandeling van die spesifieke fraktuur of ontwrigting met 50% verminder. Let wel: Hierdie vermindering sluit nie die assistentsgelde of die na-ure heffing in waar van toepassing nie. Na verloop van 'n maand is die volle gelde, soos vir die aanvanklike behandeling betaalbaar.
- 0047** A fracture NOT requiring reduction shall be charged on a fee per service basis (<sup>a</sup>PROVIDED that the cumulative amount does NOT exceed the charges for a reduction)/Vir 'n fraktuur wat NIE reduksie vereis nie word 'n bedrag bereken volgens die gelde per diens gelewer (<sup>a</sup>MITS die kumulatiewe bedrag NIE die gelde vir 'n reduksie oorskry nie).
- 0048** Where in the treatment of a fracture or dislocation an initial closed reduction is followed within one month by further closed reductions under general anaesthesia, the fee for such subsequent reductions will be 27,00 clinical procedure units (R 258.40) (not including after-care)/Indien die aanvanklike geslote behandeling van 'n fraktuur of ontwrigting binne een maand opgevolg word deur verdere geslote reduksies onder algemene narkose, sal die gelde vir sodanige reduksies 27,00 kliniese prosedure eenhede (R 258.40) wees (narsorg nie ingesluit nie).
- 0049** Except where otherwise specified, in cases of compound fractures, 77,00 clinical procedure units (R 736.90) (specialists) and 61.6 (R589.50) clinical procedure units (general practitioners) are to be added to the units for the fractures including debridement/in gevalle van oop frakture word 77,00 kliniese prosedure eenhede (R 736.90) (spesialiste) en 61.6 kliniese prosedure eenhede (algemene praktisyns) (R589.50) bygetel by die eenhede vir die fraktuur, behalwe waar elders anders gespesifiseer, debridement ingesluit.
- 0050** In cases of a compound fracture where a debridement is followed by internal fixation (excluding fixation with Kirschner wires, as well as fractures of hands and feet), the full amount according to either modifier 0049: Cases of compound fractures, or modifier 0051: Fractures requiring open reduction, internal fixation, external skeletal fixation and/or bone grafting, may be added to the fee for the procedure involved, plus half of the amount according to the second modifier (either modifier 0049: Cases of compound fractures or modifier 0051: Fractures requiring open reduction, internal fixation, external skeletal fixation and/or bone grafting, as applicable)/In gevalle van 'n oop fraktuur waar 'n debridement gevolg word deur interne fiksasie (uitgesluit fiksasie met Kirschner drade, sowel as frakture van hande en voete), mag die volle bedrag volgens wysiger 0049: Gevalle van oop frakture, of wysiger 0051: Frakture wat oop reduksie, interne fiksasie, buite-skeletfiksasie en/of beënoorplanting vereis, by die gelde vir die betrokke prosedure gevoeg word, plus die helfte van die bedrag volgens die tweede wysiger (of wysiger 0049: Gevalle van oop frakture, of wysiger 0051: Frakture wat oop reduksie, interne fiksasie, buite-skeletfiksasie en/of beënoorplanting vereis, soos toepaslik).
